# Randjienuus

## 27 Maart 2026

### ’N WELVERDIENDE BEDERF

Meneer Booysen het die atlete, swemmers en dirigente wat hulle Interhoër gewen het, met ’n pizza-partytjie by *Anthony’s* by *L’Corro*-sentrum verras. Baie dankie aan meneer Booysen vir die spesiale bederf en ook ’n groot dankie aan Anthony van *Anthony’s* vir die heerlike pizza! **Baie geluk aan ons kampioene** – ons is ongelooflik trots op julle harde werk en puik prestasie.



# LOOPBAANDAG

Dit was ‘n insiggewende dag vir ons matrieks. Meer as 40 instansies het ons skool vir ons **loopbaandag** besoek en dit het vir elkeen van ons matrieks ‘n unieke geleentheid gebied om meer oor hul toekoms en moontlike loopbane te leer. Van universiteite en kolleges tot verskillende beroepe en opleidingsgeleenthede – daar was regtig iets vir almal. Baie dankie aan elke instansie wat die tyd geneem het om hul kennis en raad met ons te deel. Julle het beslis ‘n verskil gemaak en ons geïnspireer om groot te droom.



# AKADEMIE

## CONTINUING PROFESSIONAL TEACHER DEVELOPMENT

Die Johannesburg-Noord CPTD-toekennings-geleentheid vir 2024 in Maart plaasgevind. CPTD *(Continuing Professional Teacher Development)* is die professionele ontwikkelingsvereiste waaraan onderwysers moet voldoen om hul kennis en vaardighede voortdurend te ontwikkel. Ons is trots om te kan deel dat Hoërskool Randburg as een van die top tien rapporterende skole in die Johannesburg-Noord-distrik vir 2024 aangewys is. Die toekenningsgeleentheid is op 12 Maart 2026 by Hoërskool Roosevelt gehou, waar **Mev. Marianne van der Merwe** die sertifikaat namens Randburg ontvang het. Die geleentheid is deur Mnr. Michael Kabelo Boikanyo en Mnr. Bheki Radebe (Johannesburg-Noord CPTD-koördineerder wat altyd bereid is om te help), asook Mnr. Mahlase Magoshi van die nasionale SACE-kantoor aangebied. Ons is ongelooflik trots op hierdie erkenning en dankbaar vir die toewyding van ons personeel.




## WISKUNDE OLIMPIADE

Ons leerders het op 13 Maart aan die **SAMO Wiskunde Olimpiade** deelgeneem. Baie geluk aan die volgende leerders wat na die tweede rondte deurgedring het:

- Gr. 12: Juan Loots
- Gr. 11: Andrei Pretorius
- Gr. 9: Nardus Breedt
- Gr. 9: Stefanie Viviers
- Gr. 8: Eliseus Coetzer



# ROBOTIKA KLUB

Hoërskool Randburg se **robotika-klub** groei sterk en elke Woensdagmiddag is vol aksie en energie. Ons spanne leer, bou en kodeer ter voorbereiding vir die *WRO (World Robot Olympiad).* In 2026 gaan verskeie van ons spanne aan die *RoboMission*-kompetisie in beide die junior en senior afdeling deelneem. Kom loer gerus in en ervaar ons robotika-klub in aksie!



# KULTUUR

## *SPEECH GUILD*



Die *Individual Speaker Speech Guild* item het Donderdag, 12 Maart plaasgevind. Die seremoniemeester vir die aand was weer **Hayley-Ann van der Westhuizen** in graad 12, wat haarself baie goed van haar taak gekwyt het.

**Ané le Roux (gr. 12)** het Hoërskool Randburg verteenwoordig en sy het met 'n spoggerige A+ simbool weggestap. Baie geluk, Ané, met hierdie pragtige prestasie!

Daarmee is die *Speech Guild* seisoen vir 2026 ook nou afgesluit. Ons sien uit om weer volgende jaar saam met hierdie leerders te werk!






## KOOR

Die **koor** het die voorreg gehad om tydens die Paassangdiens (15 Maart) by Gereformeerde Kerk Randburg en ook by NG kerk Greymont (22 Maart) op te tree. Dit was pragtige en betekenisvolle eredienste en ons het weer met diepe dankbaarheid besef watter groot prys vir ons betaal is. Dankie aan almal wat hierdie mooi aand en die oggend moontlik gemaak het en aan die gemeente wat so mooi saam met ons die opstanding van Christus gevier het!









# MODELAGENTSKAP

**Keira Bester (gr. 11) en Zeany Willemse (gr. 10)** van die modelagentskap, *Ace Models* Randburg, is as finaliste vir die modelkompetisie, *The Next Opulent Model South Africa* 2026, gekies. The *Next Opulent Model SA* is die nommer een model- en fiksheidskompetisie in Suid-Afrika en is die eksklusiewe Suid-Afrikaanse vennoot van *Top Model Worldwide* in Londen, Engeland. Die twee jong modelle sal op Donderdag, 20 Augustus, by die Time Square Arena in Pretoria aan die kompetisie deelneem.







**Keira Bester** is vir die kategorie, ***Beautiful Fresh Face***, gekies terwyl **Zeany Willemse** in die kategorie, ***Runway Female***, sal meeding.

# MEJ. RANDBURG FINALISTE



**Baie geluk aan die volgende dogters wat as finaliste vir Mej. Randburg 2026 aangewys is.**

## Mej. Randburg Junior Finaliste (Gr. 8 & 9):

Zeah van Zyl, Zelmé Steenkamp, Levon van der Schyff, Tauri-Lee Terblanche, Emma van Heerden, Amoré du Toit, Kaleigh Scrooby, Mieke du Toit, Cari Butner, Lianel Oosthuizen, Roosemarein van der Merwe, Niané van der Westhuizen, Emma Erasmus, Zano Dlamini,
Sarét Bester en Mia Greyling





## Mej. Randburg Senior Finaliste (Gr. 10 & 11):

Madyson Els, Larissa Bouwer, Zeany Willemse, Mia Cummins, Lia Gouws, Kayla Grant, Leeyah Klein, Keira Bester, Lieschen Harper, Mieke Kok, Elri Coetzer, Mieke Koekemoer, Ingrid-Mari Brümmer en Lee-Anay Louw



## Mej. Randburg Koninginne (Gr 12):

Lia Pretorius, Kayla Morrison, Mia van der Merwe, Ané le Roux, Beaulah du Plessis, Talia Snyders, Lara Boshoff, Aliska Olivier, Jana Novella, Nicolette Vorster en Olivia Olivier



'n Spesiale dankie ook aan *Figures* **Randburg** wat elke finalis met 'n gratis maand se voorbereiding ondersteun het, ons weet dit gaan 'n groot verskil maak. Ons wens elkeen van julle alle sterkte toe en is opgewonde om te sien hoe julle gaan groei en skitter.

Congratulations!

# SPORT

## SKUTS

Op 27 en 28 Februarie het verskeie provinsies vir 'n interprovinsiale skietkompetisie byeengekom. Die punte wat daar behaal is, is daarna aan SANSSU gestuur en saam met verlede jaar se SA's se punte gebruik om die top 80 skoleskuts in Suid-Afrika te bepaal. SANSSU het uitnodigings aan hierdie skuts gestuur om aan die SANSSU Top 80 deel te neem wat van 16 tot 18 April in Vryheid plaasvind.




Ons is baie trots om te kan aankondig dat **twee** van ons Randburg-skuts genooi is en hul uitnodigings aanvaar het:

- **Chantal van der Bank** – Pistool o. 21
- **Annabelle Kirstein** – Presisie o. 16

Wat dit nóg meer besonders maak, is dat SANSSU uit die top 80 slegs nege pistool- en ses presisieskuts genooi het. Baie geluk aan Chantal en Annabelle – **ons is ongelooflik trots op julle prestasie en wens julle alle sterkte vir die kompetisie toe!**

CHANTAL





ANNABELLE



## GHOLF

Die gholfers het op 16 Maart 'n vriendskaplike wedstryd teen Midstream College by die Irene Gholfbaan gespeel. Ons het met ses punte verloor, maar die spelers het elke oomblik geniet en waardevolle ervaring opgedoen.
Dit is altyd lekker om te speel, saam te leer en nuwe uitdagings aan te pak.



# HOKKIE

Ons dogters- en seunshokkiespanne het aan die Steyn City-toernooi deelgeneem en baie goed gevaar.

## Dogters:

- **Wen** 3–1 teen Waterstone College
- **Gelykop** 0–0 teen Roedean School
- **Wen** 2–1 teen Reddam Bedfordview
- **Wen** 1–0 teen Hoërskool Montana (Semi-finaal)
- Verloor 0–5 teen Steyn City (Finaal)

## Seuns:

- **Wen** 2–0 teen Waterstone College
- **Gelykop** 0–0 teen Edenvale High School
- Verloor 0–4 teen Hoërskool Swartkop
- **Wen** 3–1 teen Crawford College Lonehill (Semi-finaal)
- Verloor 1–2 teen Hoërskool Swartkop (Finaal)

'n Spesiale gelukwensing aan Hoërskool Randburg se seunsspan wat die ***Fair Play*** **toekenning vir die toernooi ontvang het.** Baie geluk aan albei spanne met julle uitstekende prestasies en die manier waarop julle die skool verteenwoordig het. Ons is baie trots op julle.



# NEDSTAR TOERNOOI

Hoërskool Randburg het aan die Nedstar toernooi deelgeneem met verskeie spanne wat teen sterk skole meegeding het. Ons spelers het deurgaans hard gewerk en waardevolle ervaring opgedoen. Die **o. 15-dogters** het teen ouer opposisie meegeding, terwyl die **o. 16-spanne** goeie vordering getoon het. Baie geluk aan **ons o. 16-seuns** wat 'n derde plek behaal het. Baie geluk aan ons **Eerste spandogters** en **Eerste spanseuns** wat albei hul afdelings gewen het en as toernooiwenners gekroon is. Dit is 'n uitsonderlike prestasie!



# SWEM

**Thomas Pretorius (gr. 11)** kwalifiseer om in September 2026 aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Jeugswemkampioenskappe deel te neem. Die kampioenskap het by Newton Park se 50m binnenshuise swembad in Gqeberh a plaasgevind. Hier het die land se beste jong swemmers (17 tot 25 jaar) in 'n opwindende driedag-kompetisie meegeding. Thomas (lid van *Crusaders* Swemklub) verteenwoordig *Central Gauteng Aquatics (CGA)*. Sy deelname het deel van 'n sterk provinsiale teenwoordigheid by hierdie gesogte nasionale geleentheid gevorm.

Thomas behaal die volgende:

200m bors - 10de plek
200m IM - 15de plek
50m bors - 23ste
50m kruip - PB 27.99sek
100m kruip- PB 1:01.03
50m vlinder- PB 30.24 sek






Die jaarlikse Prestige gala het op 11 Maart by St Stithians se swembad plaasgevind. Die swemmers wat by die interhoër swemgala 'n eerste plek in die individuele items behaal het en eerste en tweede plekke in die aflosse, het na hierdie gala deurgedring.

Ons swemmers het uitstekend by die gala gevaar en die skool se naam hoog gehou. Ons deel graag die swemmers se items wat top drie plekke behaal het:

Tweede: o. 16 rugslag - **Megan Kleynhans**
Tweede: OOP dogters 50m borsslag - **Simoné van Aswegen**
Derde: o. 16 dogters 50m vryslag - **Megan Kleynhans**
Derde: OOP 4 x 50m wisselslagaflos - **Erik Breedt, Reeghardt Botha, Simoné van Aswegen, Chantal van der Bank**
Derde: o. 16 4 x 50m vryslagaflos - **Jannes Neethling, Johnathan Hodgson, Megan Kleynhans, Anya van Aswegen**
Derde: o. 17 4 x 50m vryslagaflos - **Thomas Pretorius, Jan-Johan van Aswegen, Lia Breedt, Larissa Bouwer**







**Dit was 'n wonderlike afsluiting vir die skool se swemseisoen. Welgedaan, Randjies! Sterkte aan die swemmers wat aan verdere klubgalas deelneem. Ons hou vir julle styf duim vas.**

# ATLETIEK

Baie, baie geluk aan die volgende nege atlete wat Gauteng by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe gaan verteenwoordig. Julle harde werk, toewyding en deursettingsvermoë dra nou vrugte – ons is ongelooflik trots op elkeen van julle!

## SKOLE SA'S



ZUAN SCHOEMAN



GUSTAF DE LANGE



CHANÉL LE ROUX



MEGAN KLEYNHANS



NARDUS BREEDT

## KLUB SA'S



ZUAN SCHOEMAN



GUSTAF DE LANGE



CHANÉL LE ROUX



EDGAR VAN DER SPOEL



LIAM VISSER



LIAM BENADE VAN NIEKERK



MARNO WHITE

# FRIKKIE MEYER WINTERSPORT

## RUGBY

Hoërskool Randburg se **rugbyspanne** het die naweek na Thabazimbi gereis waar hulle teen Hoërskool Frikkie Meyer te staan gekom het. Dit was 'n baie suksesvolle dag vir Randburg met die meeste van ons spanne wat sterk vertonings gelewer het. **Die uitslae was soos volg:**

- o. 14B **wen** 19–7
- o. 14A **wen** 19–14
- o. 15B **wen** 19–14
- o. 15A **wen** 20–7
- o. 16B **wen** 22–7
- o. 16A verloor 19–20 in 'n naelbyt wedstryd
- Derdes verloor 12–14
- Tweedes **wen** 15–7
- Eerstes **wen** 21–16







# NETBAL

Dit was 'n baie goeie dag vir ons netbalspanne met sterk wedstryde en goeie spanwerk op die baan.

**Die uitslae was soos volg:**

- o. 14AB **wen** 27–6
- o. 14BA **wen** 25–7
- o. 15A **wen** 20–16
- o. 15B **wen** 30–11
- o. 16B teen Frikkie Meyer se o.16A speel **gelykop** 20–20
- o. 16C **wen** teen Frikkie Meyer se o.16B 18-4
- o.17A **wen** 31-8
- Tweedes **wen** 12–10
- Eerstes **wen** 27–26

Baie geluk aan al die netbalspanne! Ons wil Hoërskool Frikkie Meyer ook graag bedank vir hul gasvryheid en goeie sportmangees gedurende die dag.












# SKAAK

Op Saterdag, 21 Maart het Hoërskool Randburg se **junior en senior skaakspanne** aan skaakwedstryde by Midstream College deelgeneem. Randburg het oor drie rondtes teen Midstream College en Trinity House Centurion meegeding, elk met 'n 30/30-minute tydkontrole. Beide ons junior en senior span het uitstekend gevaar deur twee uit die drie rondtes te wen en het albei **tweede plekke** in hul onderskeie afdelings behaal. 'n Spesiale gelukwensing aan **Daniël Joubert (gr. 8)** van die junior span wat 'n uitstekende prestasie gelewer het deur al drie sy wedstryde te wen! Baie geluk aan al ons spelers – julle harde werk en fokus is duidelik op die bord sigbaar!



# HENGEL

Die visse by Flamingo Bay het tydens die Sentraal Gauteng Hengelliga op 15 Maart 2026 behoorlik met Hoërskool Randburg se top **hengelaars** kennis gemaak – en ons manne en dames het nie teleurgestel nie.  Ons hengelaars het hulle beste gelewer, soos wat die resultate duidelik toon:

### Hoogtepunt van die dag:

**Phillip van Eeden** tref sy persoonlike beste met 'n massiewe graskarp van 7,82 kg!





### Rooi Span

- Phillip van Eeden – 1 vis – 7,82 kg
- Milan Oosthuizen – 1 vis – 0,285 kg
- Joshua Nieuwoudt – 1 vis – 0,82 kg
- Francois van Breda – 4 visse – 1,78 kg

### Blou Span

- Damian Correia – 1 vis – 0,455 kg
- Stevan Drury – 1 vis – 0,16 kg
- Jong Dames
- Abi du Toit – 6 visse– 6,015 kg

Baie geluk aan elke hengelaar!
**Ons is reg en opgewonde vir die volgende liga.**



# RUITERSPORT

Die afgelope naweek van 21 tot 22 Maart kon slegs een van Hoërskool Randburg se **ruiters** aan die tweede kwalifiserende rondte van SANESA deelneem. Dit was 'n uitdaging met die reën, maar soos hulle sê: "The show must go on". **Mareli Wasserman (gr. 12)**, jy maak ons trots met jou deursettingsvermoë ten spyte van uitdagende omstandighede.

Mareli Wasserman en *Bluemoonrising*

Derde plek: *Dressage Freestyle – Prelim*
Derde plek: *Prix Caprilli Beginner (a)*





# FIETSRY

Randburg Fietsry het op 19 Maart 'n werkswinkel saam met die laerskole aangebied. Ons kinders was ware Randjies en het die kleintjies met soveel sorg en entoesiasme gehelp. **Ty Breed** het met die ouers gesels, terwyl **Erik Breedt** die fietse gediens het. Kirstin, Ewald en Llewellyn het die kinders met hul vaardighede bygestaan en begelei. Die hoogtepunt van die dag was om die groot glimlagte op die kinders se gesigte te sien toe hulle 'n nuwe vaardigheid bemeester het. Dankie aan al die kinders wat die dag bygewoon het.





# KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




# RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



# PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**







coolideas
YOUR FIBRE GUY






# EASY HOME SECURITY FIXES

*that make a big difference*

FIDELITY SERVICES GROUP
ADT

**Improve outdoor lighting**
Well-lit entrances, driveways, and pathways act as a strong deterrent

**Secure doors and windows**
Install quality locks on all gates, reinforced doors, and burglar bars where necessary. Sliding doors should have anti-lift brackets and secure locking systems to prevent forced access

**Trim overgrown shrubs and trees**
Keep plants trimmed near windows, doors, and perimeter walls to eliminate hiding spots and improve visibility. Trees that provide easy access over walls or fences should be cut back

**Update your security company and test your system**
Your armed response provider should always have your current contact details to avoid delays in an emergency

**Use smart security solutions**
CCTV cameras, outdoor beams, and alarm sensors allow homeowners to monitor activity remotely and respond quickly to potential threats

**Create the illusion that someone is home**
Use timers for lights when you're away and ask a neighbour or friend to collect your mail

**Get to know your neighbours**
Strong community relationships are a powerful crime deterrent. When neighbours look out for one another, suspicious activity is more likely to be spotted and reported quickly

**Think like a criminal**
Stand outside your gate and assess how easy it would be to access your property. Are there open windows, broken locks, or unsecured entry points?

**Talk to your loved ones**
Personal safety should be an ongoing conversation. Make sure everyone in the household understands basic safety habits and knows how to respond in an emergency.

www.adt.co.za www.fidelity-services.com JHB: 086 1212 400 /PTA: 086 1212 500



**AVODAH**
TUTOR CENTRE

•Elanie Myburg•
B.Ed Cum Laude
Registration no: 12459877

082 319 8900
avodahtutors@gmail.com

## Graad 4 - 12

- Leerstylassesserings
- Akademiese evaluasies.
- Remidierende onderrig.
- Ekstra lesse (Alle vakke)
- Opsommings.
- Assessering voorbereiding.
- Eksamen voorbereiding.
- Toets-vraestelle.
- Taak ondersteuning.

CAPS
IEB

Florida Park
*Skakel vandag!*






## *Wiskunde Privaattutor*

*By Triumph Mathematics verdien kinders om hulle volle potensiaal te bereik.*

*En 'siblings' geniet nou 20% afslag!*



*Kontak ons gerus:*
*Karlienjohnson1@gmail.com*
*www.triumphmaths.com*
*082 566 5917*


CEDAR SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Google rating
4.7
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.


C&C BARNARD
BIOKINETICISTS
14 Aimee Street, Moret, Randburg, 2161
CJ: 072 495 1636 / Chardoné: 083 609 8222
www.ccbio.co.za
Services
Evaluation (Orthopaedic, clinical, wellness)
Rehabilitation (Orthopaedic, clinical, wellness)
Conditioning & weight loss
High performance training
Fitness assessment
Body composition
Sports injuries & joint pain
150m from Hs Randburg

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **APRIL 2026** | | Seuns hokkietoer Hilton<br>Onderwêreld drama groep oefen in die skoolsaal | Seuns & Dogters hokkie vs Steyn City o/14<br>Atletiek Skole SA's<br>Rugby: Parktown Festival<br>Rugby: Jeppe Festival<br>Rugby: KHS Festival (2des)<br>Onderwêreld drama groep oefen in die skoolsaal | **Goeie Vrydag**<br>Seuns & Dogters hokkie vs Steyn City o/14<br>Atletiek Skole SA's<br>Onderwêreld drama groep oefen in die skoolsaal | Seuns & Dogters hokkie vs Steyn City o/14<br>Atletiek Skole SA's<br>Rugby: Parktown Festival<br>Rugby: Jeppe Festival<br>Onderwêreld drama groep oefen in die skoolsaal | Onderwêreld drama groep oefen in die skoolsaal |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| **Familiedag**<br>Seuns & Dogters hokkie vs Steyn City o/14<br>Rugby: St Johns Festival<br>Rugby: KHS Festival<br>A Capella oefening<br>Onderwêreld drama groep oefen in die skoolsaal | Onderwêreld drama groep oefen in die skoolsaal | **Skool begin**<br>Robotika 14:00<br>**Vakveranderinge begin Gr 10 & 11** | **Vakveranderinge begin Gr 10 & 11** | RHN vs Randpark<br>60 Jaar uur Feesviering<br>**Vakveranderinge sluit** | RHN vs Randpark (t)<br>60 Jaar uur Feesviering<br>Skiet SAARA Gauteng | 60 Jaar uur Feesviering<br>Skiet SAARA Gauteng |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Landloop: Bryanston (aflos)<br><br>A Capella oefening | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>**Netheidskontrole**<br><br>**Fietsry team management streeksvergadering – Skoolsaal 18:00** | Dogters en Seunshokkie vs Aurora (t & w)<br>Robotika 14:00<br>**Oueraand 17:00-20:00** | Netbal: JOMO vs Trinity (t) | RNA<br>Landloop: Liga 1<br><br>SING Skoolsaal 18:30<br>Redenaars @ Linden<br>Afrikaanse vertoning – Onderwêreld 12:00 skoolsaal<br>Skiet Top 80<br>Ekonnomie Gr 12 Verlengde Skool 13:00-14:00 | Rugby liga vs Hartbeespoort (w)<br>Dogtershokkie vs Helpmekaar<br>**Koor: UP Choir Festival**<br>**Pta Mosaion**<br>Redenaars @ Linden<br>Skiet Top 80 | Visvang |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Landloop: Liga 2<br>A Capella oefening | Gr 12. FW Verlengde skool<br>Debat @ Helpmekaar | **Randjie Koorfees Atrium 18:30**<br>Dogtershokkie vs Bryanston<br>Seunshokkie vs Fourways<br>Robotika 14:00<br>Debat @ Helpmekaar | Netbal: JOMO vs Florida (w) | Wintersportfees Menlopark O/15 A & O/18A | **Langnaweek**<br>Wintersportfees Menlopark<br>O/15 A & O/18A<br>Rugby: Bergsig Sportfees O/14A<br>Skiet GSSU Liga 2 H/S Florida | **Langnaweek**<br>Wintersportfees Menlopark<br>O/15 A & O/18A<br>Rugby: Bergsig Sportfees O/14A<br>Skiet GSSU Liga 2 H/S Florida |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |
| **Vryheidsdag**<br>Rugby: Menlopark toernooi | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>**Netheidskontrole** | Dogters en Seunshokkie vs Steyn City (w & t)<br>Robotika 14:00 | | | | |